

Die Anglo-Boereoorlog as stimulus vir die stigting van Afrikaanse plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers

*ANTON EHLERS**

1. Inleiding

In die historiografie van die Anglo-Boereoorlog verteenwoordig die ekonomiese invloed van die oorlog op die inwoners van die Kaapkolonie 'n grootliks onontginde terrein. J.H. Snyman het in sy proefskrif, *Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902*, terloopse aandag aan die onderwerp gegee. Dat die oorlog egter ook 'n invloed gehad het op die eksekuteurs- en trustwese in die Kaapkolonie en die stimulus verskaf het vir Afrikanerinisiatiewe op dié terrein, wat sou lei tot die vestiging van 'n nuwe kategorie binne die breë trustbeweging in Suid-Afrika; dat die inisiatiewe sewe dekades later in die totstandkoming van Boland Bank Beperk sou kulmineer en in die negentigerjare as katalisator sou dien vir die vorming van 'n finansiële-dienste en beleggingsgroep (BOE Corporation) met bates van meer as R77 miljard, is 'n weinig bekende feit en 'n historiografiese braakland. Die artikel is 'n poging om bogenoemde historiografiese leemte te help vul.

* A.E. Ehlers is lektor in die departement geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy mees onlangse publikasie is "Weerstand teen Apartheid" in *Gister en Vandag*, 31, Mei 1996. Hy is tans besig met navorsing vir 'n proefskrif met as onderwerp Die geskiedenis van Boland Bank Beperk se trustmaatskappye en eksekuteurskamers tot 1971.

2. Die oorsprong en vestiging van die trustwese in Suid-afrika tot 1900

Die wortels van die eksekuteurs- en trustwese in Suid-Afrika kan teruggevoer word na die Kompanjiestydperk en die Nederlandse gebruik om kurators of weeshere te gebruik wat in kolleges, genoem Weeskamers, ingedeel is om die belange van wese te administreer en te beheer. In Nederland het die weeshere se gesag ook gestrek oor persone met liggaams- en geestesgebreke. Hul pligte het nie net die administrasie van die persone se besittings ingesluit nie, maar hulle was ook verantwoordelik vir die opvoeding van hul voorgedyskappe.¹

Omrede baie van die inwoners van die Kaapse verversingspos as klein familie-eenhede of individue na die Kaap geïmmigreer het en daar dus nie 'n uitgebreide familiestruktuur was om by die dood van die broodwinner die belange van die agtergeblewenes te behartig nie, het die kerk deur middel van die diakonaat of armenfonds die verantwoordelikheid vir die versorging van die weduwees en wese aanvaar.² In 1673 is 'n Weeskamer volgens die Nederlandse voorbeeld aan die Kaap ingestel en in 1674 is die fondse van die Kaapse wese wat deur die diakonaat of armenfonds geadministreer is aan die Weeskamer oorgedra. Die Weeskamer het uit vyf lede bestaan waarvan twee Kompanjiesamptenare en drie uit die burgerklas afkomstig was. Met die toevoeging van 'n onderpresident in 1699 het die Raad uit 'n president, 'n onderpresident en vier lede bestaan. Die onderpresident en twee van die lede is uit die burgerklas gekies. Die regering het dié lede elke twee jaar uit 'n genomineerde lys name gekies. Gedurende die Bataafse bestuur aan die Kaap (1803-1806) is die poste van president en onderpresident op 'n permanente basis gevul en gedurende die Britse bestuur, van 1806 tot 1828, het die president van die Raad van Justisie as president van die Weeskamer opgetree. Gedurende die eerste 90 jaar van sy bestaan het die lede van die Weeskamer geen vergoeding ontvang nie. In 1763 is egter besluit om die Weesmeesters vir hul dienste te vergoed.³

Die instelling van 'n Weeskamer aan die Kaap het hoofsaaklik gespruit uit die behoefte aan 'n instansie om die administrasie van intestate boedels en die sake van erfgename wat nie in die Kolonie was nie of wat nog minderjarig was te hanteer. Uit hierdie aanvanklike behoefte het die meeste van die Weeskamer se funksies voortgevloei. Hy moes omsien na intestate boedels sowel as dié van

-
1. (Parkhurst Versameling) 56. Openingstoespraak van die Staatspresident, JJ Fouché tydens die jaarvergadering van die Vereniging van Trustmaatskappye in Suid-Afrika, 6.5.1971, pp. 3-4.
 2. C.G. BOTHA, *Collected Works III*. Cape Archives and Records, (Kaapstad, 1962), p. 131.; G.G. VISAGIE, *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806*, (Kaapstad, 1969), p. 56.
 3. C.G. BOTHA, *Collected Works III*. Cape Archives and Records, p. 131; G.G. VISAGIE, *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806*, pp. 56-57, 59.

minderjariges, weduwees en persone afwesig uit die Kolonie; die registrasie van afgestorwenes se boedels; die registrasie van minderjariges se eiendom; seker maak dat eisers in boedels hulle regmatige deel ontvang; toesien dat wese Christelike onderwys en opvoeding ontvang; 'n register byhou van sterftekennisse van persone wat aan die Kaap oorlede is; en die resolusies en transaksies van die Kamer byhou. Die Weeskamer het ook mettertyd alle testate boedels hanteer waarvan hulle nie spesifiek uitgesluit is nie. Die Weeskamer het ook 'n kredietverskaffingsfunksie in die Kolonie vervul deurdat die liggaam by magte was om fondse onder hulle toesig te belê – veral teen verbande op vaste eiendom. Die owerheid het self by geleentheid lenings by die Weeskamer aangegaan.⁴

Op versoek van die Weesmeesters het die owerheid in 1714 'n stel reëls en regulasies opgestel waarvolgens die Weeskamer sy funksies moes uitvoer. Die instruksies wat oor die Weesmeesters handel, is woordeliks oorgeneem uit die gedeelte van die Statute van Batavia en alhoewel daar onduidelikheid was in die voorskrifte ten opsigte van die reëling van finansiële aangeleenthede en wat die Kamer se beheer oor finansies betref, was dit 'n verbetering op die ou toestand waaronder daar geen voorskrifte bestaan het nie. Na 'n ondersoek na die werking van die Weeskamer deur die kommissarisse Nederburgh en Frykenius, wat in opdrag van die Verenigde Oos-Indiesche Compagnie (VOC) alle sake aan die Kaap moes ondersoek, is die instruksies vir die Weeskamer in 1793 hernu met die oog op die verbetering van dié liggaam se werking. Hoewel kommissaris J.A. de Mist, bestuurshoof van die Kaap gedurende die Bataafse tydperk die instruksies van die Weeskamer in hersiening geneem het, is daar hoofsaaklik by die bestaande gebruike gehou. Met die instelling van 'n Britse regstelsel aan die Kaap is die Weeskamer in 1833 volgens Ordonnansie 104 afgeskaf en sy funksies in 'n gewysigde vorm aan die Meester van die Hooggeregshof oorgedra.⁵

Die afskaffing van die Weeskamer en die bepaling dat alle boedels voortaan deur 'n eksekuteur onder toesig van die Meester van die Hooggeregshof geadministreer moes word tesame met die snel groeiende ekonomie van die Kaapkolonie en die behoefte aan gespesialiseerde finansiële dienste wat daaruit voortgevloei het, het spoedig 'n behoefte geskep aan korporatiewe instellings met regtrustee status. Die kontinuïteit van laasgenoemde instellings sou die sekuriteit verskaf wat noodsaaklik was by die hantering van trustdienste, en wat nie deur 'n individu in 'n eenmansaak gewaarborg kon word nie. Die tekort aan

4. C.G. BOTHA, *Collected Works III*. Cape Archives and Records, pp. 131-132; G.G. VISAGIE, *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806*, pp. 57, 59.

5. C.G. BOTHA, *Collected Works III*. Cape Archives and Record , p. 132; G.G. VISAGIE, *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806*, pp. 57-58, 60, 110-111.

persone met die nodige kennis en tyd tot hulle beskikking om die vroeëre taak van die Weeskamer te verrig, sou ook deur die instellings opgelos word. Teen hierdie agtergrond is die eerste trustmaatskappy in Suid-Afrika op 22 April 1834 deur 22 inwoners van Kaapstad as die *South African Association for the Administration and Settlement of Estates* gestig. Hiermee het 'n nuwe konsep, naamlik dié van die korporatiewe trustee in die vorm van 'n eksekuteurskamer of trustmaatskappy, en 'n nuwe professie, die professionele trustee, die lig gesien.⁶

Die aanvraag na trustdienste het die groei van die trustbeweging na 1834, soos weerspieël in die stigting van talle nuwe trustmaatskappye, verseker. In die periode 1834-1899 is ongeveer 30 trustmaatskappye en eksekuteurskamers gestig wat hoofsaaklik in die stedelike gebiede soos Kaapstad, Port Elizabeth, Kimberley en Johannesburg gekonsentreer was en waarvan die meerderheid onder oorwegend Engelse beheer gestaan het.⁷ Die trustbeweging het ook in die plattelandse gebiede van die Oos- en Wes-Kaap inslag gevind. Die Graaff-Reinettters het in 1856 die *Graaff-Reinet Board of Executors* gestig terwyl die gemeenskappe van Paarl en Malmesbury die eerste in die Wes-Kaap was om eksekuteurskamers tot stand te bring.⁸ In 1864 is die *Malmesbury Board of Executors and Trust Company Limited*⁹ en in 1874 die *Paarl Fire Assurance and Trust Company Limited* gestig.¹⁰ Laasgenoemde is in 1895 gelikwideer en sy verbande,¹¹ kantoormeubels¹² en personeel¹³ deur die pasgestigte *Paarl Board*

-
6. (SA) J. ENGLISH (Red.), *The First Trust Company in the World. The South African Association for the Administration and Settlement of Estates founded 22nd April 1834. A commemorative review of the formation and growth of the Trust Company Movement*, (n.p. and n.d.), pp. 1, 3; (SA) *Minutes of the Association of Trust Companies in South Africa 1961-1962 (The Trust Companies of South Africa, pp. 4, 5 - brochure tabled during annual meeting, 9.5.1962).*
 7. J.H.A. VAN DE VENTER, *Die ontstaan, ontwikkeling en aktiwiteite van algemene banke in Suid-Afrika*, (M.Comm, UPE, 1982), p. 21; (KAB) *Limited Companies inventaris 1/26, gp.*
 8. (SA) J. ENGLISH (Red.), *The First Trust Company in the World. The South African Association for the Administration and Settlement of Estates founded 22nd April 1834. A commemorative review of the formation and growth of the Trust Company Movement*, pp. 4-5.
 9. (BBA) *Notuleboek Malmesbury Board of Executors and Trust Company Limited 1864-1866 (Algemene vergadering van aandeelhouders, 4.10.1864, gp.)*
 10. (SBA) *GMO 3/1/31. GM-LO, 1.5.1895, p. 10 no. 19.*
 11. (SA) *Notuleboek van die Paarlse Eksekuteurskamer Beperk no. 1, 8.4.1895-27.3.1901 (Direksievergadering, 1.5.1895, gp.)*.
 12. *Ibid.*, (Direksievergadering, 26.9.1895, gp.).
 13. *Ibid.*, (Direksievergadering, 30.10.1895, gp.).

of *Executors Limited* oorgeneem.¹⁴ Afrikaners het die maatskappy oorheers en die stigters en eerste direksie van sewe lede was almal Afrikaners.¹⁵ Die maatskappy het verskeie voordele vir sy aandeelhouers en kliënte ingehou. Die plaaslike aard van die maatskappy het dit onnodig gemaak om na Kaapstad te reis om trustdienste soos die beredding van boedels te bekom. Die maatskappy was ook onder die oë van sy aandeelhouers en as iets verkeerd sou loop, het hulle onmiddellik toegang tot die direkteure gehad om sake reg te stel. Laastens is aandeelhouers en ondersteuners gerusgestel deur die wete dat die maatskappy oor £30 000 onopgeroepde aandele kapitaal beskik het waarop in 'n noodsituasie teruggeval kon word.¹⁶ Die maatskappy het gesonde groei getoon en teen 1900 reeds £261 542 se fondse geadministreer, oor 'n reserwefonds van £10 500 beskik en 'n 12 persent dividend verklaar.¹⁷ Die aansien wat die maatskappy as finansiële instelling in die Paarl geniet het, is onderstreep deur die wedywering wat onder banke bestaan het om die rekening van die maatskappy wat as feitlik die belangrikste bankrekening in die Paarl beskryf is, te bekom.¹⁸

Die persoonlike aard van hul primêre funksie, naamlik die bestuur en beredding van boedels van afgestorwe persone en persone wat nie hul eie sake kon administreer nie, asook hul vermoë om deur hul aanverwante dienste en funksies te voorsien in die finansiële behoeftes van die basies primêre ekonomiese samelewing waarbinne hulle gefunksioneer het, het trustmaatskappye en eksekuteurskamers teen die einde van die 19de eeu tot 'n integrale en gerespekteerde deel van die finansiële en sosiale struktuur van die gemeenskappe waarbinne hulle werksaam was laat ontwikkel.

3. Die Anglo-Boereoorlog as stimulus vir 'n verhoogde Afrikaner etniese ekonomiese bewussyn

-
14. (SA) Notuleboek Paarl Board of Executors Limited, 8.4.1895 - 27.3.1901 (Direksievergadering, 1.5.1895, gp.); (KAB) LC 215 no. C66 Paarl Board of Executors Limited: Memorandum of Association of the Paarl Board of Executors Limited, 18.4.1895, gp.
 15. KAAPSE ARGIEFBEWAAARPLEK (KAB) LC215 no. C66 Paarl Board of Executors Limited: Memorandum of Association of the Paarl Board of Executors Limited, 18.4.1895, gp.
 16. *De Zuid-Afrikaan*, 3.5.1899 (Executeurs Kamer).
 17. (SA) Notuleboek van die Paarlse Eksekuteurskamer Beperk, 5.4.1895-3.6.1959 (Algemene Jaarvergadering, 2.5.1900, gp.).
 18. (SBA) GMO 3/1/38 (26.6.1901-22.1.1902), GM-LO, 18.9.1901, pp. 4-5.

Binne die breë trustbeweging het daar veral vanaf 1900 ‘n nuwe kategorie, naamlik plattelandse trustmaatskappye met ‘n oorwegend Afrikaanse karakter, begin vorm aanneem. Hoewel die 19de eeuse trustmaatskappye soos dié van Paarl en Malmesbury as moontlike vroeë voorlopers van die kategorie beskou kan word, was dit die stigting van die Paarlse Afrikaanse Trust Maatskappy Beperk/*Paarl African Trust Company Limited (PAT)* en die Afrikaanse Onderlinge Voogdy en Assuransie Maatskappy Beperk/*African Mutual Trust and Assurance Company Limited (AMT)* in 1900 onderskeidelik in die Paarl en Malmesbury¹⁹ wat dié kategorie trustmaatskappye as die resultaat van ‘n groeiende weerstand teen ‘n Engels oorheersde politieke en ekonomiese imperialisme gevestig het.

Die oorsprong van PAT en AMT moet gesoek word in die Anglo-Boereoorlog en die invloed van die gebeurtenis op die inwoners van die Kaapkolonie. Sedert die Jameson-inval van 1896 het die politieke toneel in die Kaapkolonie in ‘n toenemende mate volgens Engels-Afrikaanse verdelingslyne ontwikkel. Die Engelssprekendes het hulle hoofsaaklik in ‘n “Progressiewe Party” wat hom beywer het vir die behoud van die Britse Ryk en hul opperheerskappy in Suid-Afrika georganiseer. Hul vernaamste opposisie was J.H. Hofmeyr se Afrikanerbond wat hom beywer het vir geregtigheid en die regverdige behandeling van die Vrystaatse en Transvaalse Republieke en ‘n liberaler Suid-Afrikaanse uitkyk. Bogenoemde verdeling was nie ‘n strakke Engels-Afrikaanssprekende verdeling nie aangesien Afrikaanssprekendes hulle in die gelede van die “Progressiewes” bevind het en die Bond kon staatmaak op die steun van gematigde Engelssprekendes wat, hoewel hulle nie lede van die Bond was nie, teen die “Progressiewes” se pro-Britse imperialisme gekant was. Hierdie breë Afrikanerbondgroepering het as die “Afrikaander Party” bekend gestaan.²⁰

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het bogenoemde politieke verdelingslyne baie skerp getrek en die inwoners van die Kaapkolonie in lojaliste (onderteuners van Brittanje se oorlogspoging teen die Boererepublieke en by implikasie van Britse imperialisme) en republikeinsgesindes (persone wat die Britse oorlogspoging veroordeel het en simpatie met die Boererepublieke en by implikasie met Afrikanerrepublikaanskap getoon het) verdeel. Die geleidelike bewuswording van ‘n gemeenskaplike etnisiteit onder Afrikaanssprekendes na

19. KAB LC 229 no. C312 Paarl African Trust Company Limited: Memorandum of Association of the Paarl African Trust Company Limited, 13.10.1900, pp. 1-2; (BBA) Notuleboek African Mutual Trust and Assurance Company Limited, 18.7.1900 - 18.6.1908 (Vergadering van Stigters, 18.7.1900, pp. 1-2).

20. M.A.S. GRUNDLINGH, “The Parliament of the Cape of Good Hope, with Special Reference to Party Politics, 1872-1910” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969, II, Johannesburg, 1973, pp. 249, 253, 255).

1870²¹ is deur die Anglo-Boereoorlog versnel en het neerslag gevind in 'n baie meer intieme en emosionele identifikasie van Afrikaanssprekendes van die Kaapkolonie met hul etniese broers in die Boererepublieke.²² Die verhoogde etniese bewussyn onder republikeinsgesinde Afrikaanssprekendes het in die Kaapkolonie neerslag gevind in 'n toenemende bewuswording, bevordering en formulering van hul belange op 'n etniese grondslag. Laasgenoemde ontwikkeling het, afgesien van die politieke en kulturele terreine, veral ook op ekonomiese gebied gemanifesteer. Aangesien die stigting van die PAT en AMT 'n uitvloeisel van laasgenoemde manifestasie was, word die proses vervolgens meer breedvoerig bespreek.

Die verdeeldheid in die Kaapkolonie tussen lojaliste en republikeinsgesindes is op ekonomiese gebied deur die lojaliste as 'n boikotbeweging ervaar.²³ Die republikeinsgesindes het dit gesien as 'n inisiatief om eerder hul eendersdenkende mede-Afrikaners op ekonomiese gebied te ondersteun en om Afrikaner agterstande wat ontwikkel het in ekonomiese sektore, soos die handel, industrieë en finansiële wêreld, uit te wis.²⁴ Bogenoemde inisiatief het behels dat Afrikaners met republikeinsgesinde simpatieë hul ondersteuning onttrek het van winkeliers, slagters, afslaers, spekulate, koerantredakteurs en persone in talle ander besigheidskategorieë wat met die Britse oorlogspoging gesimpatiseer het en as lojaliste gebrandmerk is.²⁵ Die onttrekking van steun aan lojaliste-beheerde besighede het die tekort aan Afrikanerbeheerde alternatiewe duidelik onderstreep.²⁶ Die boikotinisiatief en 'n inisiatief vir die skepping van Afrikanerbeheerde alternatiewe het dus in tandem ontwikkel. Laasgenoemde alternatiewe het op verskeie maniere en ekonomiese terreine gemanifesteer. 'n Apteek op Malmesbury,²⁷ 'n boekwinkel in Kaapstad,²⁸ en 'n "Afrikander Store" en "De Hollandsche Winkel" op Stellenbosch,²⁹ was voorbeelde hiervan. Die omvangrykste pogings is egter dié wat op handelsgebied in distrikte in die

-
21. H. GILIOMEE, "The Beginnings of Afrikaner Nationalism, 1870-1915" in *South African Historical Journal*, 19, 1987, pp. 127, 128).
 22. J.H. SNYMAN, *Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902*, (D.Litt. PUCHO, 1973), p. 94.
 23. *De Kolonist*, 19.7.1900 (Hoofartikel); *De Kolonist*, 6.9.1900 (Paarl Dag na Dag - Een andere Boycott).
 24. *De Zuid-Afrikaan*, 28.6.1900 (Handels-vereenigingen); *De Zuid-Afrikaan*, 28.6.1900 (Zelfstandig ook op handelsgebied).
 25. J.H. SNYMAN, *Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902*, (D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Potchefstroom, 1973), pp. 336-338, 341, 348.
 26. *The South African News*. Weekly Edition, 29.8.1900 (Side Lights).
 27. *De Zuid-Afrikaan*, 24.4.1900 (Gemengd Nieuws).
 28. *De Zuid-Afrikaan*, 7.6.1900 (Nieuws uit de Paarl).
 29. J.H. SNYMAN, *Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902*, (D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Potchefstroom, 1973), p.340.

Kaapse Middellande en die Oos-Kaap van stapel gestuur is om handelshuise of “Boeren-winkels”³⁰ op ‘n maatskappy grondslag te stig met die doel om algemene handelaarsbesighede te bedryf wat veral op die behoeftes van die Afrikaner boeregemeenskap gerig was. Die Cradockse gemeenskap het in April 1900 die bal aan die rol gesit³¹ en teen September 1900 was daar alreeds Afrikaner-handelshuise in Graaff-Reinet, Richmond, Adelaide, Britstown,³² Aberdeen,³³ Willowmore,³⁴ Murraysburg³⁵ en Jansenville.³⁶ Belangstelling in die aandele van die Afrikaanse ondernemings was besonder groot en groot opofferings is soms gemaak om kapitaal te bekom om van die aandele te koop.³⁷ Die strewe na groter Afrikaner selfvoorsiening en ekonomiese selfstandigheid is verder bevestig deur talle briewe in koerante soos *De Zuid-Afrikaan* waarin die stigting van Afrikaanse handelshuise, fabrieke en industrieë aangemoedig is en planne en strategieë aan die hand gedoen is om die inisiatiewe te laat slaag.³⁸

Afgesien van die inisiatiewe op grondvlak en die openbare debat in die pers oor die ekonomiese agterstand van Afrikaners op handelsgebied en die pogings om die agterstand ongedaan te maak, het die kwessie ook die ernstige aandag en ondersteuning van Afrikaner-gemeenskapsleiers geniet. Die beste voorbeeld in die verband was tydens die groot Volkskongres wat die Versoeningsbeweging (‘n beweging van Kaapse Afrikaners en ander simpatiseerders om langs konstitusionele weë te poog om Brittanje oor te haal om die oorlog te beëindig met die behoud van die Republieke se onafhanklikheid) op 31 Mei 1900 te Graaff-Reinet gehou het en deur 1500 persone bygewoon is.³⁹ As uitvloeisel van die kongres het ongeveer 100 afgevaardigdes wat die Volkskongres bygewoon het die volgende dag ‘n vergadering op Graaff-Reinet belê om ‘n gesprek te voer rondom die stand van Afrikaanse besighede. Op aandrang van sommige van die afgevaardigdes van die groot aantal distrikte wat verteenwoordig was, is die gevoelens en gees van die vergadering in die vorm van ‘n resoluëie vaste

30. *De Zuid-Afrikaan*, 28.6.1900 (Handels-verenigingen).

31. J.H. SNYMAN, *Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902*, (D.Litt-proefskrif, Universiteit van Potchefstroom, 1973), pp. 357-358.

32. *The South African News. Weekly Edition*, 11.7.1900 (Colonial Trading Companies).

33. *The South African News. Weekly Edition*, 11.7.1900 (Personal and Impersonal).

34. *The South African News. Weekly Edition*, 23.7.1900 (Prospectus of the Willowmore Trading Co. Limited).

35. *The South African News*, 1.9.1900 (Prospectus of the Murraysburg Trading Co. Limited).

36. *The South African News*, 14.9.1900 (Prospectus of the Jansenville Trading Co. Limited).

37. *De Zuid-Afrikaan*, 28.6.1900 (Zelfstandig ook op handelsgebied); *The South African News. Weekly Edition*, 11.7.1900 (Colonial Trading Companies).

38. *De Zuid-Afrikaan*, 19.6.1900 (Afrikaansche handelshuizen en fabrieken); *De Zuid-Afrikaan*, 28.6.1900 (Handels-verenigingen).

39. J.H. SNYMAN, *Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902*, pp. 73-75, 79, 81.

vorm gegee sodat die verteenwoordigers dit in dié vorm aan hul distrikte kon oordra. Die resoluëie wat as kernbeginsel die selfstandige optrede van Afrikaners op alle besigheidsterreine gepropageer het, het as volg gelui:

Deze vergadering, vertegenwoordigende de verschillende distrikten dezer Kolonie, beschouwt de tijd is aangebroken, dat het Afrikaansche volk nu zelfstandig zal optreden in alle bezigheidsvakken, en dat alle thans bestaande Afrikaansche bezigheden ondersteund zullen worden zooveel mogelijk; En dat ieder hier tegenwoordig zich verbindt alle pogingen aan te wenden tot bevordering van zoodanig beginsel in het belang van het Afrikaansche volk.⁴⁰

Teen bogenoemde agtergrond en as verdere manifestasie van die Afrikaners se strewe na groter selfstandigheid op alle besigheidsterreine is daar in 1900 in die Wes-Kaap inisiatiewe geloods om Afrikaanse betrokkenheid in die trustwese te bevorder met die stigting van trustmaatskappye en eksekuteurskamers met 'n oorwegend Afrikaanse karakter en tot dienslewering van die Afrikaanse gemeenskap. Die drie inisiatiewe in die verband met hul sentrums in die Paarl, Kaapstad en Malmesbury, onderskeidelik, vorm die ontstaans- en stigtingsgeskiedenis van PAT en AMT en word vervolgens breedvoerig bespreek.

4. Paarl-inisiatief: Die stigting van PAT

Ten spyte van die Paarlse reputasie as “de Mekka van het Afrikaanderdom”⁴¹ was die lojaliste-republikeinsgesinde verdeling wat deur die Anglo-Boereoorlog onder inwoners van die Kaapkolonie veroorsaak is hier besonder skerp. Die verdeeldheid het op feitlik alle terreine van die Paarlse gemeenskap gemanifesteer, soos byvoorbeeld in die uiteenlopende reaksies op Boere of Britse oorlogsoorwinnings,⁴² die polemieë rondom die Afrikanerbond se voorneme om sy jaarkongres in Junie 1900 in die Paarl te hou,⁴³ en die verdeeldheid in kerkgeledere oor die politieke betrokkenheid en kantkiesery van predikante.⁴⁴

Onder hierdie omstandighede het die ekonomiese boikotbeweging deur republikeinsgesinde Paarlse inwoners dan ook nie agterweë gebly nie en het verskeie lojaliste-besighede as gevolg daarvan in finansiële verknorsing beland. James Gribble, wat 'n kunsateljee in die Paarl besit het, het getuig dat 'n groot

40. *De Zuid-Afrikaan*, 5.6.1900 (Afrikaansche Bezigheden).

41. *De Kolonist*, 31.3.1900 (Hoofartikel).

42. *De Kolonist*, 1.3.1900 (Paarl Dag na Dag).

43. *De Kolonist*, 29.5.1900 (Het Voorgestelde Bonds Congres).

44. *De Kolonist*, 6.3.1900 (Paarl Dag na Dag).

deel van die Paarlse gemeenskap hom geboikot het, dat hy in die proses meer as £3 000 verloor het en dat sy eens florerende besigheid in 'n onseker sukkelbestaan omskep is. Op veertigjarige leeftyd was hy 'n gebroke man.⁴⁵ Ook die bekende Paarlse Drukkery van D.F. du Toit and Co. is gedwing om nuwe klante te werf aangesien die firma as lojaalgesinde progressiewe ondersteuner ondervind het

dat onze Besigheid zeer veel heeft geleden onder de crisis welke ons Land ondergaat. Wat algemeen ondervonden wordt, moeten ook wij in ruime mate ondervinden, namelijk: dat personen de tot een andere party behooren hunne ondersteuning aan ons onttrekken of weigeren.⁴⁶

Teen hierdie agtergrond het Afrikanerbond- en republikeinsgesinde Paarlse inwoners pogings aangewend om 'n tweede eksekuteurskamer in die Paarl te stig.

Omdat die verskille tussen die "Progressiewe Party" en die "Afrikaander Party" eers na die Jameson-inval van Desember 1895 duideliker uitgeskristalliseer het, was politieke verskille met die stigting van die Paarlse Eksekuteurskamer in 1895 nog nie 'n deurslaggewende faktor op ekonomiese terrein nie en was die stigters en ondersteuners van die maatskappy oorwegend polities eendersdenkend. Met die totaal veranderde politieke situasie in die Kaapkolonie teen 1900 was die Paarlse gemeenskap feitlik gelykop verdeel tussen lojaliste en republikeinsgesindes.⁴⁷ Die hartland van lojaliste-steun in die Paarlse gemeenskap was in die dorpsgemeenskap geleë terwyl 'n groot persentasie van die inwoners van die omliggende dele van die Paarlse distrik republikeinsgesindes was.⁴⁸

Die lojaliste-republikeinsgesinde verdeeldheid het ook in die Paarlse Eksekuteurskamer neerslag gevind. Die toenemende progressiewe en lojale sentiment van die maatskappy het duidelik geblyk uit die lojaliste-oorheersde direksie wat in Mei 1900 verkies is⁴⁹ en waaronder prominente Afrikaanse lojaliste soos J.H. Blignaut, J.J. Moll, J.P. Retief, C.J. Briers⁵⁰ en J.F. Pentz getel het. Om die kroon te span, was die hoof uitvoerende amptenaar van die

45. J.H. SNYMAN, *Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902*, (D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Potchefstroom, 1973), pp. 347-348.

46. KAB Argief van die Magistraat Paarl, 1/PRL vol. no. 4/1/8/4. Letters Received Miscellaneous. M. Jan 1890 - Dec. 1900, DF du Toit and Co. - Klante, Sept. 1900.

47. *De Kolonist*, 22.5.1900 (Ingezonden Stukken - Het Bonds Congres); *De Zuid-Afrikaan*, 22.12.1900 (De Paarlse elektrie).

48. *De Kolonist*, 31.3.1900 (Hoofartikel).

49. (SA) Notuleboek van die Paarlse Eksekuteurskamer Beperk, 5.4.1895 - 3.6.1959 (Algemene Jaarvergadering, 2.5.1900, gp.).

50. *De Kolonist*, 31.3.1900 (Loyale Vergadering te Paarl).

maatskappy, naamlik die sekretaris, J.I. de Villiers, ook ‘n lojalis.⁵¹ “Afrikaander Party” en republikeinsgesinde ondersteuners van die maatskappy was beswaard oor die feit dat hoewel hulle vanaf sy stigting die maatskappy ondersteun het, en oor die jare die grootste beleggers in en verskaffers van besigheid aan die maatskappy was, dit nie in hul verteenwoordiging op die direksie gereflekteer is nie.⁵² Onder hierdie omstandighede is die bal aan die rol gesit vir die stigting van ‘n tweede eksekuteurskamer in die Paarl.

Op 7 Augustus 1900 het ‘n advertensie in *De Zuid-Afrikaan* verskyn waarin alle belangstellendes uitgenooi is om op Saterdag 11 Augustus ‘n vergadering in die kantore van Cornelis Moll,⁵³ Paarlse agent en korrespondent van *De Zuid-Afrikaan*,⁵⁴ en sekretaris van die Paarlse tak van die Afrikanerbond⁵⁵ by te woon om die wenslikheid van ‘n nuwe eksekuteurskamer te bespreek. Die resultaat van die vergadering was die plasing van die prospektus van die nuwe maatskappy by name “De Paarlse Afrikaanse Trust Maatschappij” (PAT) op 4 September in *De Zuid-Afrikaan* en die *South African News*. Die prospektus het meegedeel dat die PAT onder die bepalinge van die Wet op Maatskappye van 1892 as ‘n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid gestig word. Volgens die prospektus was die doel van die maatskappy om algemene boedelbesigheid soos die administrasie van insolvente en afgestorwe boedels, die koop en verkoop van vaste eiendom en algemene agentskapwerk te verrig.⁵⁶ Die publikasie van die prospektus is opgevolg deur ‘n vergadering van die provisionele direkteure op 10 September⁵⁷ en ‘n kennisgewing gedateer 4 Oktober 1900 waarin alle aandeelhouers van die maatskappy opgeroep is na die amptelike stigtingsvergadering van die maatskappy op 13 Oktober in die Tomkinsgebou geleë teenoor die stadsaal in die Paarl.⁵⁸

Die vergadering van 13 Oktober onder voorsitterskap van A.B. de Villiers het die voorgelegde akte van oprigting en statute aanvaar en daar kon dus met die registrasie van die maatskappy voortgegaan word. ‘n Provisionele direksie bestaande uit dr. J.M. Hoffman, A.B. de Villiers, F.J.P. Retief, F.J. Joubert, C.M. du Plessis, H.L. de Waal, Pieter Roux, G.W.A. de Villiers en Daniel Retief

51. *De Zuid-Afrikaan*, 31.12.1900 (Paarl. Nominasie van kandidaten).

52. *De Zuid-Afrikaan*, 8.9.1900 (Paarl. Nieuws uit de Paarl).

53. *De Zuid-Afrikaan*, 7.8.1900 (“Vergadering, Paarl ...”)

54. *De Kolonist*, 16.6.1900 (Paarl Dag na Dag).

55. *De Zuid-Afrikaan*, 19.6.1900 (Het Bondscongres).

56. *De Zuid-Afrikaan*, 4.9.1900 (Prospektus van de Paarlse Afrikaanse Trust Maatschappij Beperkt).

57. (BBA) Notuleboek PAT, 1900-1926 no. 1 (CG Auret - dr JM Hoffman, 7.9.1900).

58. *Ibid.*, (Kennisgewing van PAT aan aandeelhouers, 4.10.1900).

is aangestel om die registrasie af te handel en daarna die maatskappy te bestuur tot met die eerste algemene vergadering van aandeelhouders na die registrasie.⁵⁹ Hiermee was die stigtingsvergadering se taak afgehandel en

ging men in blijde stemming heen, omdat de vestiging van de maatschappij thans een volslagen feit is.⁶⁰

5. Die Malmesbury-inisiatief: Die stigting van AMT

Die tweede inisiatief om 'n plattelandse Afrikaanse trustmaatskappy in 1900 in die Wes-Kaap te stig – in die geval met Malmesbury as sentrum – kan na die stigting van “De Westelike Onderlinge Brand-Assurantie Maatschappij, Beperkt” (WO) (*Western Mutual Fire Assurance Company Limited*) in 1896 teruggevoer word. Almal wat belanggestel het in die stigting van laasgenoemde maatskappy is uitgenooi na 'n vergadering op 4 September 1896 aan huis van S.J. van der Spuy van Adderley, Koeberg.⁶¹ 'n Verdere vergadering van aandeelhouders is deur die maatskappy se tydelike sekretaris, Fred Werdmüller, vir 2 Oktober belê.⁶² Alhoewel geen weergawe van die verrigtinge tydens die vergaderings opgespoor kon word nie is die aanvoerwerk vir die amptelike stigting van die maatskappy waarskynlik by die geleentheid afgehandel, aangesien aandeelhouders volgens 'n kennisgewing van 30 Oktober 1896 uitgenooi is na die eerste algemene vergadering van die maatskappy op 5 November 1896 op Malmesbury.

Tydens die stigtingsvergadering is die akte van oprigting en statute van die maatskappy goedgekeur.⁶³ Uit die samestelling van die direksie was dit duidelik dat die belange van die boeregemeenskap voorrang sou geniet aangesien sewe uit die nege direksielede boere was. Die oorwegend koringproduserende gebiede van die Swartland was veral sterk verteenwoordig soos ook blyk uit die plasing van die hoofkantoor van die maatskappy in Malmesbury.⁶⁴

Verdere maatreëls om die spoedige vestiging en doeltreffende funksionering van die maatskappy te verseker, is tydens 'n direksievergadering na afloop van

59. *Ibid.*, (Vergadering van PAT-aandeelhouders, 13.10.1900, gp.).

60. *De Zuid-Afrikaan*, 23.10.1900 (Paarl. Nieuws uit de Paarl.)

61. *De Zuid-Afrikaan*, 27.8.1896 (Westelike Provincie Mijten Assurantie Maatschappij).

62. *De Zuid-Afrikaan*, 22.9.1896 (Westelike Provincie Mijten Assurantie Maatschappij).

63. (BBA) Notuleboek Westelike Onderlinge Brandassuransie Maatskappy Beperkt, 5.11.1896 - 17.9.1900 (Algemene Vergadering van aandeelhouders, 5.11.1896, gp.).

64. KAB LC218 no. C165 WO, (Memorandum of Association of the Western Mutual Fire Assurance Company Limited, 2.11.1896, gp.); *De Zuid-Afrikaan*, 5.12.1896, (De Westelike Onderlinge Brandassurantie Maatschappij Beperkt); (BBA) Notuleboek WO, 5.11.1896 - 17.9.1900 (Algemene vergadering van aandeelhouders, 5.11.1896, gp.).

die stigtingsvergadering bespreek. A.C. Koch van die firma Smuts en Koch op Malmesbury, is as permanente voorsitter en D.J.A. van der Spuy, 'n wetsagent en afslaer van die Paarl, as sekretaris en tesourier aangestel. Die maatskappy se prokureur, F. Werdmüller, is opdrag gegee om onmiddellik met die registrasie van die maatskappy voort te gaan.⁶⁵

Die WO het geleidelik sy aktiwiteite oor die Wes-Kaap uitgebrei en 14 agentskappe (agente) teen 1900 in dorpe soos Durbanville,⁶⁶ Kaapstad, Worcester, Robertson, Montagu⁶⁷ Piketberg,⁶⁸ Caledon,⁶⁹ Stellenbosch⁷⁰ en Strand-Somerset-Wes⁷¹ gehad. In Desember 1896 is aandeelhouers in kennis gestel dat die maatskappy se versekeringsaktiwiteite uitgebrei gaan word om naas koringmiedens ook geboue en ander losgoed te verseker. Die maatskappy het ook 'n kredietverskaffingsfunksie ontwikkel deur die besluit om fondse van die maatskappy teen eerste plaasverbande te belê.⁷² Dat hierdie funksie in 'n besliste behoefte voorsien het, is onderstreep deur die feit dat die maatskappy alreeds in Maart 1897, drie maande na bogenoemde besluit verskeie aansoeke om verbande weens 'n gebrek aan fondse van die hand moes wys.⁷³

Die maatskappy het gesonde finansiële groei getoon en tydens die algemene vergadering van aandeelhouers in April 1897 kon die direksie rapporteer dat £110 306 se versekering met 'n premieinkomste van £1 325-8-2 in die eerste ongeveer vyf maande van die maatskappy se bestaan aangegaan is.⁷⁴ Die groei in hierdie portefeulje is in die volgende jare voortgesit en in die 1898 - 1899 boekjaar is £454 117 se versekering met 'n premiekoste van £3 596 aangegaan.⁷⁵ Terwyl die maatskappy in 1897 geen dividend betaal het nie⁷⁶ kon aandeelhouers in 1900 met 'n 5 persent dividend en 'n oorplasing van £1 300 uit die wins- en verliesrekening na die reserwefonds beloon word.⁷⁷

65. (BBA) Notuleboek WO, 5.11.1896 - 17.9.1900 (Direksievergadering, 5.11.1896, gp.).

66. (BBA) Notuleboek WO, 5.11.1896 - 17.9.1900 (Direksievergadering, 26.1.1897, gp.).

67. *Ibid.*, (Direksievergadering, 13.10.1897, gp.).

68. *Ibid.*, (Direksievergadering, 11.10.1898, gp.).

69. *Ibid.*, (Direksievergadering, 8.11.1898, gp.).

70. *Ibid.*, (Direksievergadering, 11.4.1899, gp.).

71. *Ibid.*, (Direksievergadering, 17.7.1900, gp.).

72. *Ibid.*, (Direksievergadering, 17.12.1896, gp.).

73. *Ibid.*, (Direksievergadering, 16.3.1897, gp.).

74. (BBA) Notuleboek WO, 5.11.1896 - 17.9.1900 (Algemene vergadering van aandeelhouers, 20.4.1897, gp.).

75. *Ibid.*, (Direksievergadering, 11.7.1899, gp.).

76. *Ibid.*, (Algemene vergadering van aandeelhouers, 20.4.1897, gp.).

77. *Ibid.*, (Spesiale direksievergadering, 17.7.1900, gp.).

Die WO het in net meer as drie jaar in ‘n suksesvolle finansiële instelling ontwikkel. Hoewel die maatskappy se versekeringsdienste in groot aanvraag was, het die aandeelhouders van tyd tot tyd versoek dat ook ander dienste aangebied moes word. Die vraag na veral trustdienste was besonder groot.⁷⁸ Teen die agtergrond van die beweging om meer Afrikaanse instellings op alle besigheidsterreine tot stand te bring het bogenoemde aanvraag gelei tot ‘n inisiatief om die maatskappy te vergroot deur die toevoeging van ‘n trustafdeling. Die dryfkrag agter hierdie hoofsaaklik Malmesbury gedrewe inisiatief was A.C. Koch, A.P.W. Immelman en F.F. Werdmüller van Malmesbury en D.J.A. van der Spuy van die Paarl.⁷⁹ Die politieke omgewing waarbinne dié persone in Malmesbury opgetree het asook hul politieke lojaliteit,⁸⁰ het ooreengestem met die situasie van die PAT-stigters in die Paarl. In Malmesbury het gebeur soos die viering van die ontsetting van Mafeking⁸¹ en die afkondiging van krygswet⁸² die verdeling tussen lojaliste en republikeinsgesindes, wat aan verbittering gegrens het, duidelik gedemonstreer. Anders as in die Paarl waar die twee groepe feitlik ewe groot was, het die republikeinsgesindes in Malmesbury oorheers, soos gedemonstreer deur die feit dat die lojaliste geen kandidaat genomineer het in die tussenverkiesing vir die Kaapse Wetgewende Vergadering wat in 1900 in die kiesafdeling gehou is nie.⁸³ Soos die Paarl het Malmesbury ook oor ‘n gevestigde eksekuteurskamer, naamlik die reeds genoemde Malmesbury Board of Executors and Trust Company Limited/Malmesbury Eksekuteurskamer beskik. Anders as in die Paarl kon geen bewys gevind word dat die inisiatief om die WO se dienste deur middel van ‘n trustafdeling uit te brei direk gemik was op ‘n boikot van die bestaande Malmesbury Eksekuteurskamer nie. *De Kolonist* het dan ook na die Malmesbury-inisiatief as ‘n “indirekte ... Bonds Boycott Executeurs Kamer” verwys.⁸⁴ Die ‘indirek’ het waarskynlik verwys na die feit dat die maatskappy se dienste op die hele Wes-Kaap gerig was en dus nie ‘n spesifieke maatskappy as opposisie uitgesonder het nie.

Die eerste aanduiding van die wyse waarop ‘n trustafdeling tot die WO toegevoeg sou word, het tydens ‘n spesiale direksievergadering van die maatskappy op 17 Julie 1900 aan die lig gekom. Die voorsitter, A.C. Koch het

78. *De Zuid-Afrikaan*, 7.8.1900 (Westelijke Assurantie Maatschappij).

79. (BBA) Notuleboek AMT, 18.7.1900 - 18.6.1908 (Vergadering van stigters, 18.7.1900, p. 1).

80. *De Kolonist*, 31.3.1900 (Vergadering van Loyalen te Malmesbury); *De Kolonist*, 6.11.1900 (Hoofartikel).

81. *De Zuid-Afrikaan*, 26.5.1900 (Gemengd Nieuws).

82. *De Kolonist*, 15.1.1901 (Malmesbury onder de Krijgswet).

83. *De Zuid-Afrikaan*, 13.12.1900 (De verkiezing te Malmesbury).

84. *De Kolonist*, 11.9.1900 (Paarl Dag na Dag).

meegedeel dat hy deur die inisieerders van 'n te stigte maatskappy, naamlik *The African Mutual Trust and Assurance Company* (AMT) met 'n beoogde kapitaal van £100 000, verdeel in aandele van £1 elk, opdrag gegee is om die direksie te versoek om die wenslikheid van amalgamasie tussen die te stigte maatskappye en WO te oorweeg indien hulle met die terme ooreen kon kom. Die direksie het die beginsel van amalgamasie goedgekeur en daardeur die groen lig vir die uitbreiding van die maatskappy gegee.⁸⁵ Die naam van die beoogde nuwe maatskappy het geïmpliseer dat hy beide versekering- en trustdienste sou aanbied en die ou maatskappy in die proses sou verdwyn.

Die derde poging om 'n Afrikaanse trustmaatskappy in die Wes-Kaap tot stand te bring het op hierdie stadium die pad van die AMT-inisieerders gekruis. Op 25 Julie 1900 het A.C. Koch en D.J.A. van der Spuy 'n ontmoeting gehad met persone wat beplan het om 'n trustmaatskappy in Kaapstad te stig. Die twee belangegroepes kon egter nie 'n ooreenkoms bereik oor die stigting van 'n gesamentlike maatskappy nie aangesien hul nie oor die setel van die hoofkantoor kon ooreenkom nie. Die AMT-inisieerders het op Malmesbury aangedring terwyl die Kaapse inisiatief Kaapstad verkies het.⁸⁶

In 'n poging om die ondersteuning van die aandeelhouers van WO vir die uitbreiding van die Maatskappy deur middel van amalgamasie met AMT te verkry, is inligtingsvergaderings op Worcester, Paarl, Robertson⁸⁷ en Malmesbury⁸⁸ gehou. Die eenparige wyse waarop die voorstelle vir die vergroting van die maatskappy tydens die inligtingsvergaderings aanvaar is, was 'n aanduiding dat die amptelike goedkeuring tydens die vierde algemene jaarvergadering van die maatskappy op 8 Augustus slegs 'n formaliteit sou wees. Die jaarvergadering het samesmelting goedgekeur met die voorbehoud dat die finale samesmeltingsooreenkoms deur 'n algemene vergadering van aandeelhouers goedgekeur moes word.⁸⁹ Tydens 'n direksievergadering ná afloop van die jaarvergadering is 'n voorlopige ooreenkoms, wat die terme waarvolgens WO bereid was om met AMT te amalgameer, goedgekeur.⁹⁰

Die finale ooreenkoms wat op 20 Augustus deur verteenwoordigers van WO en AMT onderteken is, het bepaal dat AMT alle bates en laste en die

85. (BBA) Notuleboek WO, 5.11.1896 - 17.9.1900 (Spesiale direksievergadering 17.7.1900, gp.).

86. (BBA) Notuleboek AMT, 18.7.1900 - 18.6.1908 (Vergadering van stigters, 28.7.1900, p. 3).

87. *Ibid.*, (Vergadering van stigters, 8.8.1900, p. 4).

88. *South African News*, 8.8.1900 (Cape Colony Malmesbury. A new Trust Company).

89. (BBA) Notuleboek WO, 5.11.1896 - 17.9.1900 (Algemene jaarvergadering, 8.8.1900, gp.).

90. (BBA) Notuleboek WO, 5.11.1896 - 17.9.1900 (Direksievergadering, 8.8.1900, gp.).

gepaardgaande verpligtinge van WO oorneem.⁹¹ Volgens ooreenkoms het WO onderneem om in vrywillige likwidasië te gaan. AMT sou voortgaan met die voorsiening van brandversekering terwyl die maatskappy se trustafdeling alle vorme van trustdienste sou verskaf. Die oordrag van verantwoordelikheid vir die bedryf van besigheid van WO na AMT is vir 1 Oktober 1900 bepaal, vanaf welke datum AMT sake onder sy eie naam sou bedryf. Die ooreenkoms sou finaal bindend word sodra dit deur die meerderheid WO-aandeelhouers goedgekeur is.⁹²

Die finale goedkeuring van die WO-AMT ooreenkoms is tydens twee spesiale aandeelhouervergaderings op 17 September en 1 Oktober afgehandel. Die drie resolusies wat by die geleentheid deur die oorgrote meerderheid van aandeelhouers aanvaar is, het die AMT-WO ooreenkoms bekragtig, ingestem tot die likwidasië van WO en die direkteure van die maatskappy as likwidateurs aangestel met volmag om die resolusies deur te voer. Hiermee was AMT finaal 'n voldonge feit.⁹³

Soortgelyke pogings as dié tussen die Malmesbury (AMT) en Kaapse inisiatiewe om een trustmaatskappy te stig, het ook tussen die Malmesbury (AMT) en Paarlse (PAT) inisiatiewe plaasgevind. Op 'n direksievergadering van AMT op 2 Oktober 1900 het voorsitter A.C. Kock gerapporteer dat 'n ontmoeting tussen afvaardigings van die twee inisiatiewe met die oog op amalgamasie plaasgevind het en AMT se aanbod aan PAT bespreek is.⁹⁴ Alhoewel geen direkte verwysing na PAT se reaksie op die AMT-aanbod opgespoor kon word nie is kennisgewings van dié maatskappy se stigtingsvergadering op 13 Oktober alreeds op 4 Oktober aan PAT-aandeelhouers geos – 'n duidelike aanduiding dat die promotors van PAT besluit het om as onafhanklike maatskappy voort te gaan.⁹⁵

Die resultaat van die inisiatiewe in die tweede helfte van 1900 om Afrikaanse trustmaatskappe met 'n plattelandse karakter op te rig, het dus gekristalliseer in die stigting van AMT en PAT. Hoewel die dryfveer agter die opbloeï van Afrikaanse besighede tydens die Anglo-Boereoorlog polities van aard was, was politieke sentimente en emosies van 'n storm- en drangtydperk nie genoeg om

91. (BBA) Notuleboek WO, 5.11.1896 - 17.9.1900 (Direksievergadering, 8.8.1900, gp.); (KAB) LC 228 no. C302A WO (Memorandum van ooreenkoms tussen WO en AMT, 20.8.1900).

92. (KAB) LC 228 no. C302A WO (Memorandum van ooreenkoms tussen WO en AMT, 20.8.1900).

93. (BBA) Notuleboek WO, 5.11.1896 - 17.9.1900 (Spesiale buitengewone vergadering van aandeelhouers, 17.9.1900, gp.); (KAB) LC228 no. C302A WO (Western Mutual Fire Assurance Co., Limited. Special Resolutions, 17.9.1900 and 2.10.1900).

94. (BBA) Notuleboek AMT, 18.7.1900 - 18.6.1908 (Direksievergadering, 2.10.1900, p. 11).

95. *De Kolonist*, 11.9.1900 (Paarl Dag na Dag).

‘n finansiële instelling te laat slaag nie. Die hoofbestuurder van Standard Bank in Suid-Afrika tydens die oorlog, Lewis Michell het in ‘n verwysing na die groei van “Africander”-maatskappye met ‘n nasionalistiese karakter wat hul besigheid eksklusief met en tot voordeel van Afrikaners bedryf die mening uitgespreek dat

the feeling is perhaps not an unnatural one, but we are still of opinion that, in the long run, all such enterprizes, to be succesful, must be based on ordinary commercial principles, and be conducted with the requisite prudence.⁹⁶

Net die tyd sou leer of PAT en AMT Michell se voorwaardes vir sukses sou bemeester.

6. Van Pat tot Boe (Board of Executors) 1900-1998: ‘n Oorsig

Ten spyte van onstuimige oorlogstoestande en ‘n makro-ekonomiese milieu wat nie bevorderlik vir die stigting van nuwe maatskappye was nie het beide PAT en AMT die Anglo-Boereoorlog suksesvol oorleef. Tydens PAT se tweede algemene jaarvergadering van aandeelhouders in November 1902 het die maatskappy alreeds £66 814 op vaste depositos ontvang, £113 851 op eerste verbande en ander lenings geplaas, ‘n 10 persent dividend betaal en oor ‘n reserwefonds van £4 000 beskik.⁹⁷ In 1902 kon die direkteure van AMT ‘n 6 persent dividend verklaar, het die maatskappy oor ‘n reserwefonds van £7 000 beskik en £152 036 se fondse geadministreer.⁹⁸ Die Standard Bank-inspeksieverslagverwysing na AMT as ‘n

respectable, influential Company ... doing a good and carefully managed business⁹⁹

was waarskynlik die beste bewys dat die maatskappy daarin geslaag het om hom in ‘n relatiewe kort bestaan as ‘n gerespekteerde finansiële instelling in die Wes-Kaap te vestig.

In die geskiedenis van die breë trustbeweging verteenwoordig die eerste helfte van die 20ste eeu ‘n bloeitydperk ten opsigte van maatskappystigting met ‘n verdere ongeveer 70 trustmaatskappye en eksekuteurskamers wat in die periode

96. (SBA) GMO 3/1/38 (26.6.1901 - 22.1.1902), GM - LO no. 37/1901, 4.9.1901, p. 4 no. 9.

97. (BBA) Notuleboek PAT, 10.1900 - 2.1905 (Algemene jaarvergadering van aandeelhouders, 5.11.1902, gp.).

98. (BBA) Balance Sheets AMT, 14.8.1901 - 27.9.1962 (Jaarverslag 1902, Balansstaat vir jaar geëindig, 30.6.1902, gp.).

99. (SBA) INSP 1/1/244, Malmesbury 1901 - 1928, Inspection Report Malmesbury Branch, 16.1.1904 part III, p. 1.

geregistreer is.¹⁰⁰ Tydens die bloeitydperk van die breë trustbeweging gedurende die eerste dekades van die 20ste eeu verteenwoordig die periode 1914-1922 'n hoogtepunt ten opsigte van die totstandkoming van spesifiek plattelandse Afrikaanse trustmaatskappye en eksekuteurskamers toe 26 van die maatskappye in slegs nege jaar gestig is.¹⁰¹ Hoewel daar geen eenvoudige verklaring vir hierdie ontploffing in maatskappystigting is nie, het die bewese rekord van gevestigde Afrikaanse plattelandse trustmaatskappye, soos PAT en AMT as baie voordelige geldbeleggingsinstrumente ten opsigte van hul kompeterende rentekoerse en hul dividende aan aandeelhouders, as rolmodelle beslis die stigting van trustmaatskappye en eksekuteurskamers aangemoedig.¹⁰²

Toenemende statutêre beheer en toesig oor die Suid-Afrikaanse finansiële sektor sedert die veertigerjare,¹⁰³ 'n meer kompeterende finansiële milieu en die neiging om finansiële instellings te rasionaliseer en hul dienste en praktyke te diversifiseer sedert die vyftigerjare het veral kleiner plaaslike finansiële instellings soos trustmaatskappye en eksekuteurskamers se groei en winsgewendheid onder druk geplaas. In 'n poging om te oorleef het PAT en AMT in die vroeë sestigerjare die leiding geneem in 'n proses van amalgamasie van plattelandse Afrikaanse trustmaatskappye en in 1963 saamgesmelt om die Bolandse Eksekuteurskamer Beperk te vorm.¹⁰⁴ Die amalgamasieproses is in die daaropvolgende twee dekades voortgesit en het uiteindelik 17 instellings ingesluit wat sedert 1971, as Boland Bank Beperk sake gedoen het.¹⁰⁵ As een van die top tien bankgroepe in Suid-Afrika het Boland Bank in 1990 oor totale bates van R3 miljard, deposito's van R2,8 miljard, 'n personeel van 2 200 en 'n netwerk van 84 dienspunte beskik.¹⁰⁶

-
100. KAB LC 15/25/1 - LC 15/25/10: Inventaris van maatskappye geregistreer onder Wet no. 23 van 1861, Wet no. 25 van 1892 en Wet no. 46 van 1926; JHA van de Venter, *Die Ontstaan, Ontwikkeling en Aktiwiteite van Algemene Banke in SA*, (M.Comm.-proefskrif, Universiteit van Port Elizabeth, 1982), pp. 21-23.
 101. KAB LC 1/26: Inventaris van maatskappye geregistreer onder Wet no. 23 van 1861 en Wet no. 25 van 1892; (KAB) LC 15/25/1 - LC 15/25/10: Inventaris van maatskappye geregistreer onder Wet no. 23 van 1861 en Wet no. 25 van 1892 en Wet no. 46 van 1926; JHA van de Venter, *Die Ontstaan, Ontwikkeling en Aktiwiteite van Algemene Banke in SA*, (M.Comm.-proefskrif, Universiteit van Port Elizabeth, 1982), pp. 21-23.
 102. *Het Noord Westen*, 30.7.1918 (Calvinia Eksekuteurskamer); *Het Noord Westen*, 13.8.1918 (Noord-westelike Eksekuteurs Kamer Beperk); *South Western Echo*, 4.9.1920 (Caledon and SW Districts Board of Executors Ltd).
 103. Wet No. 38 van 1942: Bankwet, 1942.
 104. (BBA) Notuleboek PAT 1951-1969 (Buitengewone algemene vergadering van aandeelhouders, 12.6.1963).
 105. (BBA) Notuleboek PAT 1970-1988 (Buitengewone algemene vergadering van aandeelhouders, 5.8.1971).
 106. Boland Bank Beperk Jaarverslag 1990, pp. 1-2.

Na 'n aanvanklike onseker periode in die vroeë negentigerjare waartydens Boland Bank se onafhanklike voortbestaan deur kapitaaltekorte en 'n vyandige oornamewering deur die ABSA bankgroep bedreig is,¹⁰⁷ het advokaat Christo Wiese, voorsitter van Pepkor, in 1994 'n beheerende aandeel in die bank verkry.¹⁰⁸ Onder Wiese se voorsitterskap het Boland Bank 'n nuwe era betree wat gekenmerk is deur 'n aktiewe soeke na verbintenisse met ander finansiële instellings binnelands sowel as buitelands en 'n nouer aaneenskakeling met Pepkor, Wiese se tradisionele kleinhandelingsbasis.¹⁰⁹

In 1996 word 'n belangrike mylpaal in die bank se nuwe era bereik met die samesmelting tussen Boland Bank en NBS Holdings (Natal Building Society) om 'n nuwe bankgroep met bates van R26,5 miljard te vorm.¹¹⁰ Deur die samesmelting van Boland Bank, met sy tradisioneel konserwatiewe bestuurskultuur en Wes-Kaapse plattelandse Afrikaanse kliëntebasis, en NBS met sy meer moderne bankbenadering, sterk Engelse inslag en Natal/Gautengse kliëntebasis is die vierde grootste bankgroep in SA gevorm om die grondslag te lê vir 'n dinamiese en innoverende nuwe finansiële dienste-groep.¹¹¹

Die NBS-Boland Bank samesmelting is in Junie 1997 gevolg deur samesprekings tussen dié bankgroep en BOE (Board of Executors) van Kaapstad met die oog op die daarstelling van 'n invloedryke finansiële dienste-groep bestaande uit die Board of Executors, NBS-Boland, Samgro (Boland Bank se beheermaatskappy waarvan Christo Wiese die beheerende aandeelhouer is) en Pepkor.¹¹² Bogenoemde samesprekings het in April 1998 na 'n herstrukturering van die onderskeie belange neerslag gevind in twee genoteerde entiteite, naamlik BOE Corporation, die piramidebeheermaatskappy en BOE Beperk (The Board of Executors Limited se nuwe naam), die bedryfsmaatskappy, met finansiële dienste-bedrywighede wat ten volle besit word en strategiese beleggings. BOE beskik ná die herstrukturering oor 'n markkapitalisasie van sowat R31 miljard, op drie na die grootste op die beurs se sektor vir banke terwyl die BOE-groep as geheel oor totale bates van ongeveer R77 miljard beskik.¹¹³

107. *Die Burger*, 17.7.1992 (Boland sê nee vir Absa); D. Basson en P. Marais: Die stryd om Boland Bank (*Finansies en Tegniek*, 31.7.1992, pp. 12-13).

108. *Die Burger*, 4.11.1994, (Wiese op eie met Boland Bank).

109. *Die Burger*, 29.7.1994 (Wiese lei Boland Bank nou ook, p. 12.)

110. *Die Burger*, 4.12.1996 (Boland Bank verkry 25% van NBS); *Die Burger*, 18.12.1996 (Christo Wiese gee nuwe rigting aan SA bankreus).

111. *Die Burger*, 5.12.1996 (NBS kry dalk kruisaandeelhouing in Boland Bank).

112. *Die Burger*, 2.6.1997 (NBS Boland dalk binnekort selfs groter, p. 10).

113. *Die Burger*, 1.4.1998 (BOE groepeerstrukturering, pp. 20-21).

Die eise van die finansiële wêreld van die negentigerjare het finaal ‘n einde gebring aan die PAT/AMT/Boland Bank “we go it alone”-tradisie met sy Anglo-Boereoorlog oorsprong. Boland PKS, die nuwe entiteit waaronder Boland Bank binne die bankbelange van BOE Corporation funksioneer is egter soos sy voorgangers PAT en AMT in 1900, tans ook besig met die vestiging van ‘n nuwe tradisie in die finansiële wêreld, nl. die van ‘n bank wat soos ‘n besigheid sake doen. Verlengde bankure,¹¹⁴ bankdienste wat aan sakeklante deur die Internet gebied word, ‘n unieke nuwe diens wat deposito’s en onttrekkings by klante se persele afhaal en aflewer en die verskaffing van finansiële dienste binne kleinhandelafsetpunte is enkele kenmerke van die nuwe tradisie.¹¹⁵ PAT en AMT het in die dekades na 1900 voldoen aan Lewis Michell se vereistes vir sukses in die finansiële wêreld. Net die tyd sal leer of Boland PKS as filiaal van die BOE Corporation die sukses en oorlewingsvermoë van sy voorgangers sal kan ewenaar.

Summary

The Anglo Boer War as stimulus for the formation of Afrikaans rural trust companies and boards of executors

The gradual development of a common ethnic awareness among Afrikaans speakers after 1870 was accelerated by the Anglo-Boer War, and divided the inhabitants of the Cape Colony into loyalists and republican supporters.

The heightened ethnic consciousness among pro-republican Afrikaans speakers manifested itself in the Cape Colony in a growing awareness, promotion and formulation of their interests on an ethnic basis. In the economic sphere Afrikaans speakers with republican sympathies withdrew their support from businesses which sympathized with the British war effort. The withdrawal of support from the loyalist controlled businesses underlined the lack of Afrikaner controlled alternatives.

Against this background, and as a further manifestation of the Afrikaners’ aspiration towards greater self-reliance in all business areas, initiatives were launched in 1900 in the Western Cape to further Afrikaner involvement in the field of trusts through the establishment of trust companies and boards of executors with a predominantly Afrikaans character and dedicated to the service of the Afrikaans community. Paarl African Trust Company Limited (PAT) and African Mutual Trust and Assurance Company Limited (AMT) materialized from these efforts.

114. *Die Burger*, 16.1.1997 (Boland Bank en Sasbo skik oor ure, p. 14).

115. *Die Burger*, 17.4.1998 (Boland Bank het rewolusionêre planne); *Die Burger*, 20.2.1997 (Pick ‘n Pay skakel in by bankmark, p. 16.)

Die ABO en Afrikaanse plattelandse trustmaatskappye

In the early sixties PAT and AMT initiated a process of unification of rural trust companies and boards of executors which eventually culminated in the establishment of Boland Bank Limited in 1971. The latter company was mobilised in the late eighties by advocate Christo Wiese as a vehicle for the establishment of a new financial services conglomerate, which, although currently still taking form, already rates among the giants in the South African financial world.